

Inhoud Hierdie preek wys hoe Christus ons swemafrigter is wat ons deur ons vrese en onbeholpenheid heen vat om ons te oefen binne ons diensbaarheid aan God. Christus laat ons leef binne die spanningsveld van troos en lyding as die ruimte waarin ons God dien. Afgodsdien wil buite hierdie inspanning van godsdien leef en verval daarom binne die wisselvalligheid van opgewondenheid en stres. In spiritualiteit is Jesus nie meer ons lewensafrieter nie, maar net 'n animasie-karakter in ons ontvlugting uit die eise van 'n diensbare lewe aan God.

Skriflesing: 2 Kor. 1:3-11; 4: 1, 2, 7-10, 16-18; 5:4-9,11

Teksvers: “4 ⁵want net soos daar vir ons 'n oorvloed van lyding is ter wille van Christus, is daar ook vir ons 'n oorvloed van bemoediging (troos) deur Christus. 5 ¹⁰Die sterwe van Jesus dra ons altyd saam in ons liggaam, sodat ook die lewe van Jesus sigbaar kan word in ons liggaam ...”

Tema: Ons inspanning in diens van God is binne die spanningsveld van die troos en lyding van Christus

1. Inspanning en spanningsveld is twee sake wat altyd hand aan hand gaan.

Dit is soos swem in water. Om te swem is die inspanning om in water te kan beweeg. Water is die spanningsveld waarbinne hierdie spesifieke soort inspanning, swem, moontlik is.

Die tipe inspanning waartoe God ons verbind, is diensbaarheid aan God. Die spanningsveld waarbinne hierdie diensbaarheid plaasvind, is die troos en lyding van Christus.

Ons moet eers baie goed onderskei tussen spanning en stres.

Spanning is nooit 'n slegte saak nie. Spanning is soos water vir 'n swemmer. Sonder water is en kan daar nie iets soos swem wees nie.

Inspanning is ook nie iets slegs nie. Dit kan nooit iets slegs wees nie. Inspanning gaan oor die saambring en gebruik van al die kragte wat jy het om te kan doen wat jy kan: soos swem. Inspanning is al die kragtige spierbewegings van 'n swemmer in water.

Hierdie kragtige bewegings in die water – inspanning – is nooit iets slegs nie. Dit is die wyse waarop spiere en tegnieke ontwikkel word om in water wat jou eintlik terughou en aftrek, kragtig en vinnig voort te beweeg na jou bestemming toe.

2. Stres is totaal iets anders. Dit is nie die inspanning om te swem nie. Stres maak dat jy met al die spiere en vaardighede waarmee jy in water kon beweeg, net besig is om te spartel. Hierdie gespartel van iemand wat nie kan of wil swem nie, is nie die inspanning van 'n swemmer nie.

Paulus stel die verskil tussen die stresvolle gespartel van iemand in water wat nie kan swem nie, teenoor die vasberade volhardende inspanning van swem in water met die aankondiging in 2 Kor. 5:11: “*Ons weet wat dit beteken om die Here te dien,...*”, “*ons het een wens, dit is om te lewe soos Hy wil.*”

Wat sê Paulus as hy sê: “*Ons weet wat dit beteken om die Here te dien?*” Ons weet hoe om te leef soos die Here wil hê ons moet leef? Die sin wat dit duidelik stel, is “*die sterwe van Jesus dra ons in ons liggaam sodat die lewe van Jesus in ons liggaam sigbaar kan wees.*”

Die lewe wat ons weet hoe om te leef soos die Here wil, is die lewe waarin ons met Christus verenig is: ons is ingesluit in sy dood en sy lewe. Daarom deel ons alles van Jesus se dood en lewe, in ons lewe. Ons is ingesluit in sy dood wat ’n straf, veroordeling, vervloeking en verwerping van ons sonde is, sodat ons lewe nooit ’n lewe van straf, oordeel, vervloeking en verwerping van God en deur God sal wees nie.

Ons lewe is altyd ’n lewe in die ontferming en vertroosting van God: die vertroosting dat ons Christus se sterwe deel en nooit soos Hy as sondaar behandel sal word nie. Ons is nou ingesluit in die lewe wat Christus as mens in die hemel leef. Daarom deel ons sy heilige, regverdige en goeie lewe – en is die lewe wat ons vir God leef, vir God daarom die heilige, regverdige en goeie lewe wat ons met Christus deel, ten spyte van al ons gebreke en tekortkominge volgens sy wil.

Dit is hoe God wil hê ons moet leef en Hom moet dien:

In die vaste troos dat ons strafloos, oordeelloos, vloekloos en sonder enige verwerping, deel van die liefde en ontferming van God is, al is en bly ons sondaars. In die vaste troos dat ons toewyding en liefde vir God, vir Hom heilig, reg en goed is, al is dit vol gebreke en tekortkominge, en voldoen dit nie aan die eise van God nie.

Wie in hierdie geloof leef, sien die onsienlike: ons eenheid en deelgenootskap met Jesus Christus: ons is in Hom ingesluit en Hy laat ons so vir God wees. Wie hierdie onsienlike sien – weet wat dit beteken om God te dien en volgens God se wil te leef: God wil hê ons moet skuldloos oor ons sonde en in die vaste sekerheid van ons heiligheid vir God, leef.

3. Die sin: “¹⁰*Die sterwe van Jesus dra ons altyd saam in ons liggaam, sodat ook die lewe van Jesus sigbaar kan word in ons liggaam*” het nog ’n tweede betekenis.

Dit wys nie net wat ons met die Here deel nie, dit wys ons hoe Hy die lewe met al sy swaarkry, terugslae en teleurstellings, vir ons anders laat wees. Hierdie lewe maak die Here vir ons die lewe van oorvloedige troos én lyding. Dit is ’n baie eiesoortige soort troos en lyding. Dit word Christus se troos en Christus se lyding genoem: “⁵*want net soos daar vir ons ’n oorvloed van lyding is ter wille van Christus, is daar ook vir ons ’n oorvloed van bemoediging deur Christus.*” Dit is ’n lewe vol van die troos van Christus en dit is ’n lewe vol lyding ter wille van Christus. Dit is lyding wat Hy vir ons wil hê en troos wat Hy vir ons gee.

Hoe werk ’n oorvloed van troos en swaarkry tegelykertyd?

Ons kan dit weer toelig met die voorbeeld van swem. Hoekom vat 'n swemafriqter 'n klein kindjie in die water in? Om hom te laat ly en te troos. Dit is die werklike spanningsveld waarin 'n afriqter 'n kleintjie invat in die water, nie regtig die water nie: die spanning van ly en troos binne die swaarkry van om in water te swem.

Die lyding waarin die afriqter hierdie kindjie vat, is die vrees vir water, die wantroue om bo die water te kan bly, die vrees om te verdrink, die sukkel om asem te kry, die gestik as hulle water sluk, die paniek as hulle nie reg kan swem nie en sink.

Die troos is dat hy altyd by is en die hele tyd sal keer dat hulle nie verdrink nie, hulle sal leer hoe om te swem en hulle vrese en wantroues te bowe kan kom. Want hy is ontfermend die hele tyd daar. Dit is troos!

Daarom is dit die lyding wat die afriqter wil hê, dit is sy lyding, en dit is die afriqter se troos: Hy staan in as troos vir alles. Hy praat nie maar net mooi vertroostend en bemoedigend van ver af, asof jy jou eie troos en bemoediging moet wees nie. Hy is die troos.

4. Dit is hoe God ontfermend en vertroostend ons God is: Hy laat ons deel in die lyding wat Hy vir ons wil, die lyding om in 'n wêreld van swaarkry, terugslae en teleurstellings te oefen in sy diens en aan sy gehoorsaamheid soos Hy dit eis.

Sy lyding is die gesukkel waarmee ons probeer om Hom te dien volgens sy wil omdat ons leef in die onsienlike: ons is vir Hom heilig, reg en goed, skuldloos en oordeelloos.

Daarom word hierdie lewe van swaarkry die plek waarin gelowiges hulle oefen in hierdie spanningsveld: ons leef in die lyding wat Hy wil en in die troos wat Hy gee, en so dien ons Hom in hierdie wêreld!

Ons wil binne die water wees, ons wil swem – want ons wil ons inspan in hierdie spanningveld: troos en lyding!

Wat maak kleintjies wat hulle afriqter se troos vertrou en lyding as uitdaging aanvaar?

Hulle leer swem. Meer as dit! Hulle is nie bang vir water nie. Voel nie bedreig deur water nie. Wil nie meer uit die water nie en wil net al hoe dieper en dieper inswem en inspring.

Hulle raak nie moedeloos nie en hou net vasberade aan!

Die Griekse woord wat vertaal is as “vol moed” beteken om vasberade en versekerd aan te hou.

Dit is hoekom Paulus in 2 Korintiërs dit by herhaling stel: daarom raak ons nie moedeloos nie, daarom hou ons vol moed, vasberade aan om God te dien.

Diens wat beteken vol moed en vasberade besig om sy wil te doen in dieper gevare, met groter bedreigings, met meer teleurstellings en erger swaarkry.

Want ons leef met hierdie geborgenheid: die troos van sy ontfermende nabyheid en die uitdaging van die swaarkry om te swem!

Ons weet wat dit beteken om die Here te dien – in hierdie wêreld van swaarkry, teleurstelling en terugslae: want dit is 'n lewe in Christus se lyding en troos; in Christus se dood en opstanding.

5. Goddeloses leef in 'n totaal ander spanningsveld as Christene. Hulle ken nie, en wil nie weet van 'n spanningsveld van troos en lyding om binne swaarkry God te dien nie.

Hulle leef in 'n ander spanningsveld: vrolikheid, opwinding en desperaatheid, ontvlugting.

Dit is soos 'n klomp kleintjies wat mekaar opgewonde uitdaag om in 'n swemkuil in te spring. Hierdie vrolike opwinding maak dat hulle inspring met vertonerigheid, baldadigheid en pronkerigheid. Maar sodra hulle in die kuil beland en besef hulle kan nie eintlik swem nie, dan raak hulle desperaat aan die spartel. En as iemand hulle uithelp, dan is hulle te bang om weer in water in te gaan!

Alles in die lewe moet hulle vrolik en opgewonde maak.

Alle werklike eise van diensbaarheid aan God en medemens maak hulle desperaat en maak die lewe vir hulle 'n gespartel.

Alle swaarkry laat hulle al verder en verder uit die lewe ontvlug.

En hierdie lewenswyse hou ook nooit op nie: hulle kan en wil nie in die spanningsveld van troos en lyding leef nie, hulle ken en wil net in die spanningsveld van vrolikheid en desperaatheid leef.

6. Ons verbintenis met Jesus Christus, gee ons nie 'n lewe van vrolikheid en opwinding nie. Dit is die misleiding van alle afgodsdienste: om die geluk van ons troos en lyding te misvorm asof dit vrolikheid en opwinding is!

Wat in hierdie spanningsveld – ons deel die sterwe en lewe van Christus – maak ons vrolik en gee ons opwinding?

Totaal niks!

'n Kleintjie wat leer swem is nie vrolik nie, en die lyding van die afrigter maak die kleintjie ook nie opgewonde nie. Dit is nie opwinding nie.

Christelike geluk is nie vrolikheid en opdwinging nie. Dit is die geluk van Christus se troos en Christus se lyding: die geluk dat in alle swaarkry, oefen Hy my in die swaarkry wat Hy vir my wil: diensbaarheid in alle omstandighede!

Dit is die geluk van Christus se troos: Hy is ontfermend, altyd met Homself as die een wat alle uitkoms gee om my diensbaar te hou in swaarkry.

Hierdie geluk kan nie verdwyn soos vrolikheid en opwinding verdwyn deur swaarkry nie: gelukkig wees in troos en lyding.

Maar net so min kan u verbintenis met Christus u desperaat in die swaarkry van die lewe laat versink.

Hy is nie soos 'n dronk pa wat sy seuntjie aanmoedig om in 'n swemkuil te spring en dan te dronk is om die spartelende kind uit te red nie.

Hy is ontfermend en vertroostend Here in die swaarkry op só wyse dat dit die wyse is waarin Hy my laat leef in troos en lyding – oefenend besig om juis al groter swaarkry te kan dra.

Hy is en bly in alles die swemafrigter!

7. Hoe sien u die lewe en swaarkry waarin ons leef?

Hierin gaan God my in sy troos en lyding oefen op so wyse dat ek kan sê: ek weet wat dit beteken om God in alle omstandighede te kan dien,

of

spring u vrolik en opgewonde in die lewe in en wanneer dit swaar is, soek u desperaat uitkoms?

Die verskil in hierdie twee lewenswyses is die onsienlike:

Sien ek my eenheid met Christus se dood en lewe en sien ek daarom in swaarkry die troos en lyding van Christus,

of

sien ek die pret en opwinding van my eie lewe los van God, en dan in swaarkry, soek ek 'n God wat my van swaarkry sal laat loskom?

Só 'n persoon kan nooit hierdie spanningsveld in die lewe raaksien en die inspanning opneem waarmee ons in hierdie spanningsveld leef nie:

diensbaar binne die dood en lewe van Christus,
diensbaar binne die troos en lyding van Christus.

8. Kom ons gaan leef die lewe – terwyl ons die onsienlike sien: ons eenheid met Christus.

Dan sal ons dien in swaarkry, want ons wil leef binne die troos en lyding van Christus:

- Geen swaarkry kan ooit straf, oordeel, vervloeking of verwerping wees nie.
- Alle swaarkry is omdat ek vir God heilig, reg en goed is,
- en my lewe vir Hom is altyd heilig, reg en goed.

Dan sal ons bly dien in groter gevare, ernstiger bedreigings, dieper teleurstellings en groter swaarkry.

- Want ons staar ons nie vas in die swaar kry nie, maar die troos dat Hy ontfermend en vertroostend in alles met my is.

Ons staar ons nie vas in swaarkry nie, maar sien die lyding waarin Christus ons in hierdie swaarkry wil oefen: gehoorsaamheid en diensbaarheid in alle omstandighede.

En hierdie uitdaging is ons trots – nie ons vrees nie!

9. Ken u iets soos inspanninglose godsdiens? Dit is godsdiens sonder 'n spanningsveld en sonder inspanning!

Wat noem 'n mens godsdiens sonder 'n spanningsveld en sonder inspanning?

Wat noem 'n mens swemlesse sonder 'n afrigter en water?

Animasie! Dit is al wat 'n mens swemlesse en swem sonder 'n afrigter en water kan noem! Dit is nie regtig nie! Dit is net animasie! Dit is net 'n verbeeldingsvlug oor swem, sonder die inspanning van swem en sonder die spanningsveld van swemafrigting, sonder die swaarkry van water.

Dit is nie swem nie.

Wat noem 'n mens godsdiens sonder die inspanning van godsdiens, sonder die spanningsveld van godsdiens, buite die lewe van swaarkry?

Dit is niks anders as animasie nie.

Dit is wat mense vandag as “geestelikheid” of spiritualiteit binne die kerk wil bemark: Jesus as voorbeeld en rolmodel. Jesus as animasie. Want Jesus wat net 'n rolmodel en voorbeeld in my verbeelding is, is nie die afrigter nie, vat my nooit in die water in, die lewe in soos hy regtig is nie, en leer my nooit binne die spanning van troos en lyding leef nie.

Daarom is die geestelike drif vandag – animasie: om nie meer met godsdiens besig te wees, dit is, ons weet wat dit beteken om God te dien, omdat ons deel in die sterwe en lewe van die Here nie. Die geestelike drif is animasie: ons leef geestelik, met God in ons verbeelding! Ons swem nie in water nie!

Daarom dompel swaarkry alle geestelikes in stres in. Want hulle leef geestelik net in die animasiewêreld van vrolike opwinding met God – sonder dat hulle ooit leer wat diensbaarheid is binne die spanning van God se troos en lyding en deur Christus.

Sonder dat hulle ooit geoefen is deur die inspanning van diens aan die wil van God in 'n wêreld van swaarkry, teleurstelling en terugslae.

God is nie die animasiekarakter van geestelikes nie. Hy is God, die Vader van die Here Jesus; ontfermend en vertroostend in die regte lewe! Hy laat ons leef in die regte lewe van sy regte Seun. Hy laat ons deel in die regte troos en lyding van God vir ons lewe. Hy laat ons in swaarkry weet wat dit beteken om God te dien.

Kom ons dien God in die regte lewe. Kom ons gaan in dieper gevare, in groter bedreigings en leef in die troos en lyding van die Here. Hy is ontfermend en vertroostend – God met ons!

Eksegetiese notas

NB bemoedig = troos!

(πάρράκλησις vertroosting, troos; παράκαλεω bemoedig, troos; εγκακεω moeg word, moed verloor; ευδοκεω om vasbeslote te wees, vol moed.)